VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

22 Mei	**May Vorster,** Wyk 8
24 Mei	**Marli Nortjé,** Wyk 20
26 Mei	**Hannelie Bartlett,** Wyk 19
27 Mei	**Mart-Mari Engelbrecht,** Wyk 6
	Danie Stoop, Wyk 18
28 Mei	**Janine Bisschoff,** Wyk 19
	Clarine Roscher, Wyk 6
	Frikkie Venter. Wyk 18

OOSDOPPERFEES
28 Mei 2022

Kom vier fees saam met ons op
28 Mei 2022, Gereformeerde Kerk,
Potchefstroom-Oos, Paryslaan

Vleisverkope / uitgesoekte uitstallers
Boeke-Oase / Troeteldierskou

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Bank: FNB Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 17 Sondag 22 Mei 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 7 **Loffie Eloff** en wyk 8 **vakant.** Diakens: Wyk 7 **Zurich Terblanche** en Wyk 8 **Jan de Vos.**
Gemeente-ete om 12:00 in kerksaal

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Viering van die sakrament van die Nagmaal
Woordbediening: Johannes 1: 15 - 34.
Fokusvers: Johannes 1: 29.
TEMA: ***Kyk! Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!***
Voorafsang: Skrifberyming 29: 8, 9 (Tema18 - 3).
Sang tydens die erediens: Psalm 118: 2, 12; Psalm 51: 1, 6; Psalm 23: 3; Psalm 116; Psalm 103:1, 2, 3.

AAND Nabetragting
Woordbediening: Johannes 1: 35 - 52.
Fokusvers: Johannes 1:35-37.
TEMA: ***Volg met jou versterkte geloof die Lam van God en lei ander ook na Hom.***
Voorafsang: Psalm 85: 1, 4 (melodie Psalm 2).
Sang tydens die erediens: Skrifberyming 8: 1, 2 (Tema 5 – 3); Skrifberyming 12: 3 (Tema 6 – 2); (melodie Psalm 18); Skrifberyming 36: 1, 3, 4 (Tema18 – 2): (melodie Psalm 59).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Bybelverspreiding*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Meegevoel

Ons betuig ons innige meegevoel ook langs hierdie weg met **Wynand en Gene Putter** ná die dood van Wynand se suster verlede naweek. Mag ons Here se oorwinning oor die dood vir u in hierdie tyd tot ryke troos wees.

'n Swaer van **André en May Vorster** is verlede week ná 'n hartomleidingsoperasie in Kempton Park oorlede. Ons dink ook in besonder aan hulle dogter Jana, haar man en ander dierbares met die afsterwe van Jana se skoonvader. Die begrafnis het Donderdag plaasgevind. Ons bid André en May en die hele familie die ryke vertroosting van die Here toe.

Ons volhard in ons voorbidding vir **May Vorster**. Sy kon nié Dinsdag die geskeduleerde chemoterapie ontvang nie, omdat die bloedtoetsuitslae nie gunstig vir chemoterapie was nie. Die behandeling is uitgestel tot hierdie Dinsdag. Dit is ons gebed dat ons hemelse Vader May en André in sy troue liefde sal dra in hierdie tyd.

Koos Nortjé is Woensdag uit die Vereeniging Medikliniek ontslaan nádat hy opgeneem is met versteurings in die hartritme.

Ons is saam met Koos en sy familie dankbaar dat die angiogram geen gevare aangeui het nie en dat die dokter net nodig gehad het om aanpassings aan die medikasie te doen. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle.

Joey Potgieter het tydjie gelede 'n biopsie ondergaan nadat die radioloog met 'n opvolgondersoek 'n verdagte massa waargeneem het. Ons is saam met Joey dankbaar dat die uitslag van die biopsie geen kankerselle getoon het nie. Mag u elke dag die liefdevolle nabyheid van ons Here ervaar.

Nico Malan ondergaan Woensdag 'n totale kniegvervangings-operasie in Pretoria. Ons verseker hom en Leone van ons voorbidding. Mag ons Here deur hierdie operasie aan u goeie lewenskwaliteit gee.

Gert Kruger (snr) het sodanig herstel na sy motorongeluk dat hy kon terugkeer na sy kamer in Eikelaan. Ons is dankbaar vir ons Here se groot genade. Mag hy spoedig al sy kragte herwin.

Petro van der Walt het Dinsdag 'n geslaagde oogoperasie ondergaan. Ons bede is dat die herstelproses geseënd sal verloop.

Pieter Glöy het Dinsdag 'n oogprosedure ondergaan en ons dank ons hemelse Vader dat dit goed afgeloop het.

Henna Labuschagne was Donderdag vir 'n opvolg-ondersoek by die onkoloog. Ons bid haar en Lappies en hulle dierbares seën en sterkte toe. Henna moet Woensdag verder toetse en sonars ondergaan.

Magda Opperman het intense pyn verduur na die operasie aan haar hand en moes 'n opvolgondersoek ondergaan. Ons bede is dat nuwe medikasie pynverligting sal bring en sy die gebruik van haar hand ten volle sal terugontvang.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

			Sondag 22 Mei	Sondag 29 Mei
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Twaalf Artikels:**			Geen katkisasie as gevolg van Nagmaalviering	Les 12 Psalm 8: 1 (geheel) Sondag 39 Artikel 12
Katkisasie toesig:				Oudl Wyk 7: Graad R Oudl Wyk 8: Graad 1-2
Wo	25/05	18:00	Hoërskoolkatkisasie	Les 24

Belangrike datums om te onthou

Do	26/05	19:00	**Hemelvaart erediens** (o.l.v. GK Potch-Suid)	GK Potchefstroom
Vr	27/05	17:30	**Gemeente-aand & Hamburgerbraai Kerrie en rys ook beskikbaar**	
Di	21/06	18:30	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Do	23/06	18:30	Ouderlinge toerusting	Ou Kerkie

Dagboek

So	22/05	09:30	NAGMAAL Gemeente-ete om 12:00	
Ma	23/05	Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Di	24/05	Oggend	Huisbesoek	Volgens afspraak
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		18:00	Katkisasie	Jeuglokaal
Do	26/05	Oggend	Huisbesoek	Volgens afspraak
		19:00	Hemelvaart erediens olv GK Poch-Suid	GK Potchefstroom
Vr	27/05	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Attestate

Ontvang: Die attestate is ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Potch Suid van **Martin en Hendrina Johanna (Denise) van der Berg** en dooplidmaat **Mynhardt**. Hulle is woonagtig in Kampstraat. Die ouderling is Loffie Eloff, diaken Zurich Terblanche en die wyksuster is Tillie Eloff.

Baie welkom in ons gemeente. Mag julle veel vreugde in ons gemeente ervaar.

Attestate afgegee:

Na GK Cachet van Johan-Louis Coetzee.

Na GK Cachet Fanie Kruger en gesin.

KUNSUITSTALLING

Gereformeerde Kerk Museum
Molenstraat 105 Potchefstroom
27 Mei 2022 18:30
28 Mei 2022
09:00 – 12:00
Kobus van Tonder
Navrae:
Carmie

HIERDIE GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI IS DIE LAASTE VOOR DIE WINTER.

KERRIE EN RYS EN HAMBURGERBRAAI by
Gemeente-aand 27 Mei 2022 vanaf 17:30
Daar is iets nuuts by die gemeente-aand.
Kerrie en rys word op bestelling gemaak.

Alle bestellings kan geplaas word by ons koster Pieter Bouwsema 082 923 1384 of by Malie by die kerkkantoor 018 294 4600 voor of op Donderdag 26 Mei.

Hamburgers en worsbroodjies R 25
Pannekoek R 5 Kerrie en rys R 30 per bakkie.

KOM ONDERSTEUN DIE DIAKONIE EN KUIER GESELLIG SAAM

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
27 Mei 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5**. **Worsbroodjies R 25**

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.